

Saterdag 13 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:13-18; HK Sondag 22, Vraag en Antwoord 57, 58

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:15-17

Ek glo aan die ewige lewe ... wat aan my belof is

Ons glo met die hart en bely met die mond die opstanding van die liggaam uit die dood, en die ewige lewe. Ten spyte van hierdie belydenis is die dood 'n werklikheid wat seer bly. Jesus het gehuil toe sy vriend Lasarus oorlede is (Joh. 11:35).

As kinders van ons Here treur ons ook oor die dood van 'n geliefde, maar anders as hulle wat nie in Jesus Christus as hulle Verlosser glo nie, is ons nie hooploos wanneer ons treur nie. Ons hou aan die sekerheid vas dat Jesus die dood, die sonde en die duiwel oorwin het deurdat Hy op die derde dag na sy begrafnis uit die dood uit opgestaan het. Die dood kon Hom nie terughou nie!

Hy belowe dat elke mens wat in Hom glo, net soos Hy eendag met die wederkoms uit die dood uit sal opstaan met 'n nuut-verheerlikste liggaam (1 Kor. 15:52, 53). Daarna gaan ons, net soos Jesus, met wolke weggevoer word, die lug in, ons Here tegemoet.

Ons glo en bely verder dat die ewige lewe in God se teenwoordigheid só oorweldigend is dat ons dit slegs kan beskryf as "... 'n saligheid wat geen oog gesien, geen oor gehoor en in die hart van geen mens ooit opgekom het nie" (HK, So. 22, v/a 58).

Totdat daardie dag aanbreek wanneer die grafte oopgebreek sal word, leef ons met die sekerheid dat ons eie dood die deurgang is tot die ewige lewe.

Wat 'n groot voorreg om te mag bely: Ek glo aan die opstanding van die liggaam uit die dood, en die ewige lewe.

Sing: Skrifberyming 12-2:5

Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)